



HONDE *wat* HELP

Eensaamheid word verlig. Angs en depressie verminder. Bloeddruk daal. En dit alles deur 'n eenvoudige liefdesdaad: om 'n hond op 'n besoek aan bejaardes of ander weerloses te neem

Deur JACKIE PIENAAR-BRINK

Dis 'n foto wat 'n mens aan die hart ruk – dié van 'n vrou in swart wat met haar kop teen 'n golden retriever rus, die toegenetheid tussen hulle duidelik sigbaar. Dis in Junie vanjaar geneem, nadat 49 mense in 'n nagklub in Orlando in die Amerikaanse deelstaat Florida doodgeskiet en tientalle gewond is.

Die golden retriever was 'n trooshond, een van 12 wat die Lutheran Church Charities daarheen gebring het om slagoffers, mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het en nooddienswerkers by te staan. Of sommer net enigiemand wat 'n bietjie onvoorwaardelike liefde nodig gehad het, soos *The New York Times* dit in die berig by die foto gestel het.

Die honde en hul hanteerders het hospitale en kerke in Orlando besoek en nagwake en roudienste bygewoon. “Baie mense het 'n hond begin vryf en net daar in trane uitgebars,” is **Tim Hetzner**, president van hierdie liefdadigheidsorganisasie, in die koerant aangehaal. Met die hulp van 'n hond kon hulle aan hul weerloosheid uiting gee.

Maar dis nie net in Amerika wat die mens se beste vriend ingespan word om hom in moeilike tye by te staan nie. Ook

op eie bodem neem vrywilligers honde vir terapeutiese besoeke na van ouetehuse tot hospiese, psigiatrisie inrigtings, hospitale en skole.

Pets as Therapy (PAT) is een van die organisasies sonder winsbejag wat vrywillige hanteerders en hul honde vir spesifiek hierdie doel oplei. Dit het tans takke in Stellenbosch, Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Hermanus, Worcester, George en Polokwane.

Top Dogs, 'n soortgelyke organisasie met meer van 'n groeppokus, fokus weer meer op Gauteng, met die twee organisasies wat oor en weer verwysings doen.

Dr Magdie van Heerden, 'n PAT-lid en maatskaplike werker wat in mens-dier-interaksie spesialiseer, verduidelik dat daar 'n verskil tussen terapiehonde (*animal-assisted therapy*) en besoekhonde (*animal-assisted activities*) is.

Eersgenoemde word spesifiek saam met kundiges soos sielkundiges, maatskaplike werkers, arbeidsterapeute en fisioterapeute gebruik en is deel van 'n spesifieke terapeutiese proses wat gemonitor word. Laasgenoemde verryk deur middel van gereelde en beheerde besoeke die lewe van pasiënte of inwoners van 'n verskeiden-

heid organisasies en instansies. Hoewel die hanteerders nie terapeute is nie, kan hierdie besoeke steeds terapeutiese waarde hê.

Bystandshonde (*assistance dogs*) soos gidshonde – wat in die openbaar saam met mense optree – ondergaan weer heeltemal ander opleiding.

By PAT word die honde en hul hanteerders vooraf deur 'n span van drie lede gekeur – almal dieregedragskenners – deur hulle aan 'n reeks situasies bloot te stel.

“As jy by 'n ouetehuis instap, is daar ander reuke en geluide as waaraan die hond gewoond is. Mense loop snaaks, daar is rolstoel en krukke,” sê **dr Marieanna le Roux**, 'n dosent in sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch en huidige PAT-voorsitter. “Jy moet kyk hoe die hond reageer as daar byvoorbeeld aan hom gevat word en of hy sy eienaar gehoorsaam. Party honde hou nie daarvan as jy aan hulle vat nie en oor die algemeen hou honde nie daarvan om gedruk te word nie.”

Om 'n verskeidenheid van redes slaag nie almal nie. Soms word 'n hond net tydelik afgekeur omdat hy nog te speleerig is. Ander kere is 'n hond dalk nie geskik om 'n ouetehuis te besoek nie, maar ideaal om as leeshond te gebruik.